

Weens my verminderde direkte betrokkenheid by die bedryf van Sokhanya deel ek nie so gereeld inligting soos in die verlede nie. Dit beteken egter nie dat daar niks gebeur nie!

Die Sokhanya-kursus word nou volledig vanuit die kantore van Bybel Media in Wellington bedryf. Dit staan bekend as die ***Sokhanya Bible Program*** en is deel van die Nehemia Bybel Instituut. Die bestaande kursus is nou ten volle in Engels vertaal en daar is begin om dit ook in Sesotho te vertaal.

Die volgende fase is om spesifieke bedieningspraktykgerigte aspekte by te werk. Dit is nodig om die materiaal in ooreenstemming te bring met vereistes van die kurrikulum wat in die proses is om deur SAQA (*South African Qualifications Authority*) goedgekeur te word as 'n nasionale kwalifikasie. Die bestaande kursus is 'n program wat die hele Bybel dek en wat op verskillende punte spesifieke bedieningsake hanteer. Die kurrikulum is daarop gerig om volledige praktiese bedieningsopleiding te verskaf. Hiermee sal die Sokhanya-program verder versterk word.

Eensyds is ek besig om die Sokhanya-kursus vir akkreditasie gereed te kry. Verder is ek ook besig om te help om die prosesse in plek te kry sodat alle Bybelskole wat op die pre-tersiêre vlak werk, geakkrediteer kan word. Dit is deel van die werk van die ***Association of Christian Religious Practitioners***. Die ACRP is 'n professionele organisasie wat by SAQA geakkrediteer is en wat verantwoordelik is om toe te sien dat Bybelskole aan die bedryfs- en assesseringsvereistes van SAQA voldoen. Verder kan ACRP ook "designations" (vlakke van professionaliteit) aan alle Christelike werkers in verskillende velde en van alle denominasies volgens SAQA-goedgekeurde standarde toeken. Laasgenoemde behels ook 'n stelsel van voortgesette professionele opleiding en kwaliteitsbeheer.

Intussen gaan ons voort om gereeld op Saterdag werksinkels aan te bied. Die aanvraag hiervoor en bywoning is baie bemoedigend. Daar word met groot entoesiasme aan besprekings deelgeneem en dit is altyd baie aktueel. Die laaste maande is moraliteit en waardes bespreek. Afgesien van die



aktualiteit van Bybelse waardes is indringend gekyk hoedat waardes gevorm



word en hoedat gelowiges dit in die daaglikse lewe kan toepas. Laastens is mentorskap bespreek. Die aard, doel en praktyk van die tradisionele inisiasie-skool mentor het hieraan groot aktualiteit en toepaslikheid vir die kerkleier gebied.

Hierdie foto wys sommige van die vroue by die werksinkel op Erfenisdag.

Op Saterdag 4 November is die sertifikaat-plegtigheid van 26 studente in Evaton



by Vereniging gehou. Dit is deel van die groep wat steeds met groot ywer deur biskop Maketha begelei word. Die geleentheid is volledig op hulle eie inisiatief gereel. Maar die groep studente in die Skiereiland het nie op hulle laat wag nie. Hulle het self inisiatief geneem en is met 11 stuks na die noorde om die geleentheid by te woon. Dit is dinge soos hierdie wat wys dat Sokhanya diep ingang by mense gevind het. Hulle terugvoer-boodskappe en selfstandige optredes stem tot groot dankbaarheid.

Aan die (byna) einde van die jaar sê ons weer dankie vir elkeen se ondersteuning en gebede. Gaan asseblief voort om te bid dat die kursus steeds meer gelowiges sal toerus om getuies vir die Evangelie te wees en om 'n vernuwende invloed op hul samelewings te hê.

Danie van Zyl